



# DIE Stem VAN DIE Martelare

Junie 2021

## CHINA SE AANVAL OP DIE KERK

BINNE 'N  
CHINESE TRONK

UYGHURS BEKEER  
HULLE TOT CHRISTUS

DIE KOMMUNISTE  
SE "BYBEL"



[www.persecutionsa.org](http://www.persecutionsa.org)

"Dink aan die gevangenes asof julle medegevangenes is." Heb 13:3



# Binne

## 'N CHINESE TRONK

Sommige Chinese Christene gryp hulle gevangenskap as 'n geloofsopbouwende ervaring aan.

*Toe Leo gearresteer is omdat hy Bybels in China versprei het, was SVM-werkers bekommerd dat hy dalk die volgende 10 jaar in die tronk sou moes spandeer. Maar deur God se genade het vervolgers die klagtes teen hom teruggetrek. Na sy vrylating het Leo sy ervarings met SVM gedeel.*

**D**ie drukkery het my Vrydagmiddag gebel om vir my te sê dat polisie beslag gelê het op die fabriek se rekords en dat hulle weet dat ek verskeie duisende onoffisiële Bybels (ongeregistreerd by die regering) laat druk het. Die drukker wat omtrent vir 'n maand op die druk van die Bybels gewerk het, het beplan om dit die volgende dag af te handel, maar die polisie het alle drukwerk in hulle strooptog gekelder. Ek het op daardie oomblik geweet dat ek in groot moeilikheid was.

Toe die polisie my vra om die volgende dag in te gaan vir

ondervraging, het ek arrestasie verwag. My opsies was egter baie beperk: ek kon met hulle gaan praat of ek kon gaan weggroep.

Na ure van ondervraging, het die polisie my na 'n aanhouding sentrum geneem. Toe ek by die sel kom, was ek geskok om 50 of 60 mense te sien wat in 'n spasie van ongeveer 500 vierkante voet ingeprop is. Twee mans het opgeskuif om vir my plek te maak, maar ek kon nie op my rug lê nie, ek kon slegs op my sy lê.

Ek het baie kalm gevoel voordat ek by die aanhouding sentrum ingegaan het, maar nou was ek regtig verward. Hoe kon ek my tyd hier bestee en hoe

kan ek met so baie mense oor die weg kom? Ek het nie die eerste nag geslaap nie, maar ek het stelselmatig by die lewe in die aangepas, ondanks paniek en vrees.

Daar was allerhande soorte mense in die sel, insluitende dwelmhandelaars, swendelaars, diewe, smokkelaars en verkragters. Die dae was baie gestruktureerd: eet, oefen, die doen van aktiwiteite, sit, kyk TV, stort en slaap, alles op spesifieke tye.

My prokureur het my die vierde dag kom besoek; hy was die eerste besoeker wat ek sedert my aanhouding ontvang het. Ek het verlig gevoel, want gelukkig sou my familie nou weet waar ek is. Hy het my gewaarsku dat ek my op die ergste moet voorberei en dat dit nog 'n maand kan neem voor ek officieel gearresteer word.

Toe kom die gewag; ek het toegekyk hoe baie gevangenes in die

hof aangekla word, maar ek is nooit ingeroep nie. Owerhede het my vrou se borgtog geweier en op die 34ste dag van aanhouding is my arrestasie bevelskrif uiteindelik uitgereik. Nou was ek vir die langtermyn voorbereid.

Ek het nooit verwag dat ek sou tronk toe gaan nie en die situasie daar was veel erger as wat ek kon dink. Die kos was onsmaklik – een gestoomde broodjie vir ontbyt en rys met gekookte groente vir middagete en aandete. As jy beter kos wou hê, moes jy piekels of rissiesous met jou eie geld koop.

Ons het op 'n houtbord op die sementvloer geslaap. In die winter het ons dekens gehad wat so vuil was dat mens nie die kleur kon uitmaak nie. Dit het so walglik en na muf geruik dat ek soms my neus moes toestop om te kon slaap.

Met so baie mense in eensel was konflik onvermydelik. Sommige mense was beseer of selfs doodgemaak, maar – prys die Here! – niemand het my gepla nie.

Ek was baie angstig in my eerste maand in die tronk – bekommerd oor my onsekere toekoms. Maar nadat almal aan die slaap was kon ek my eie stiltetyd kry om tot God te bid. Soms het ek gebed: "O, Here, alles wat ek gedoen het was vir U. Hoekom het U toegelaat dat ek vervolging moet verduur? Is dit omdat my geloof klein is dat U my wil toets? Of is dit omdat U my vir 'n nuwe roeping wil voorberei?" Alhoewel ek nie seker was hoe God my in die toekoms wil gebruik nie, het ek geglo dat Hy my sou red en vrylaat. Bietjie-vir-bietjie het my hart kalm geword.

Toe begin die koronavirus-pandemie. Die aanhouding sentrum het alle kontak met die buitewêreld, insluitende briefskryf, geskenke van klere en geld van geliefdes en prokureursbesoeke, gestaak.

Ek het my akte van beskuldiging tydens die inperking ontvang, met aanklagtes wat 'n tronkstraf van tot drie jaar inhou. Aangesien hofverhoor tydens die koronavirus uitbreking opgeskort is, het my saak vir agt maande nie in die hof voorgekom nie. Toe die verhoring uiteindelik hervat, het regeringsprokureurs die aanklagtes

teen my wonderbaarlik verlaag. Teen die einde was ek net tot 'n jaar in die tronk gevonnissen.

Daardie jaar in aanhouding sentrum was 'n tydperk van fisiese, verstandelike en geestelike opleiding vir my. Ek het tydens my eerste verhoor, tweede verhoor en toe my vrylating, altyd vrede gehad. Ek het geweet dat God, op wie ek vertrou het, my sou red. Nou, wanneer ek aan daardie dinge terugdink, dink ek daaraan as lewensopleiding. God sal nie hierdie opleiding tevergeefs laat gebeur nie. God sal aan my Sy wil vir die toekoms openbaar en hierdie ervaring sal my bron van geloof en my motivering wees om vorentoe te beweeg.

*Leo weet nie wat volgende op hom wag nie. Owerhede sal hom waarskynlik vir maande fyn dophou en hy sal dalk nooit weer Bybels kan versprei nie. Steeds weet hy dat sy geloof versterk is namate hy God se bewaring oor hom in 'n Chinese tronk ervaar het.*

Die Chinese regering laat 'n beperkte aantal Bybels in China toe, maar SVM is toegewy om 'n Bybel vir elke Gelowige te gee wat een benodig.

## Owerhede Beperk Bybelspelers en Aanlyn Bybelverkope

Lai Jinqiang, 'n Christensakeman wie se maatskappy eens op 'n tyd die meeste Oudio-Bybelspelers in China vervaardig en verkoop het, is in 2018 aangehou en later aangekla van "onwettige sakebedryf." Intussen word vier ander Christene tans verhoor vir die vervaardiging van Oudio-Bybelspelers in Bao'an, Shenzhen.

Die eienaar van 'n aanlyn Christelike boekverkoper, *Wheat Bookstore*, is op 1 September, 2019, gearresteer. Owerhede het 'n uitgebreide ondersoek van stapel gestuur op almal wat by die winkel iets gekoop het, boeke gekonfiskeer en Christene sover as die Xinjiang Uyghur Selfregerende Streek, in die noordweste, en die provinsie Liaoning, in noordoostelike China, ondervra.





# Dubbel Gehaat:

## As 'n Uyghur tot Bekering Kom

Die Uyghur Moslems word in China as terroriste hanteer. Belydenis van geloof in Christus dra egter by tot hulle probleme met die regering.

**A**mpers geeneen van die plaaslike Uyghur-mense het van Christus geweet nie.

Dit was die situasie wat 'n Chinese Frontlinie-Werker trotseer het wat in 2013 na China se Xinjiang Uyghur Selfregerende Streek, getrek het. "Die saad wat voorheen gesaai is was uitgewerk en weg," het hy gesê.

Die Uyghur-mense is hoofsaaklik 'n Moslem etniese groep wat hewig deur die Chinese regering in onlangse jare verdruk is, oënskynlik om Islamitiese ekstremisme te voorkom. Chinese amptenare hou die Uyghurs fyn dop en stuur diegene wat dislojaal of godsdienstige Moslems is, na gevangenskampe vir indoktrinasie. Die regering hoop om onwrikbare lojaliteit aan die Kommunistiese Party in te boesem en trou aan enigiets anders te ontwortel.

Die Frontlinie-Werker en 'n ander Gelowige het 'n klein winkel in 'n mark gehuur met die bedoeling om plaaslike mense te ontmoet en die

Evangelie in Xinjiang te verkondig. Hulle het geweet dat gebed belangrik was vir hulle bediening. "Ons werk het 6 uur in die oggend begin met gebed!" het hy gesê.

'n Paar dae nadat hulle oopgemaak het, het 'n Uyghur-man, opsoek na werk, ingekom. Hy was kwaad en oorgehaal om met ander te baklei. Maar die Christene het vir hom gebid en vir hom gesê dat God hom liefhet en na 'n paar dae het die man gesê hy wou meer weet.

Die man het uiteindelik sy geloof in Christus geplaas en sy knorrige karakter het begin verander. Namate die weke verby gegaan het, het meer Uyghurs, 'n paar op 'n keer, hulle tot Christus bekeer en spoedig het 'n klein gemeenskap weekliks vir gebed en aanbidding begin bymekaarkom.

Baie het tot geloof gekeer deur ervarings van wonderbaarlike genesing, insluitende 'n man genaamd Ali. "Hy was 'n tipiese konserwatiewe Uyghur," het die Frontlinie-Werker

gesê. "Hy was 'n neerslagtige Moslem. Sy hart was vol haat en hy het gedink die buitewêreld was sy vyand."

Ali het ook terminale kanker gehad en hy was desperaat. Toe die Frontlinie-Werker vir Ali sê dat God sy tumor kon genees, het Ali hom gewed. Hy kon nie. Maar 'n week nadat die Gelowiges vir Ali hande opgelê en vir 30 minute vir hom gebid het, het hy teruggekeer en gesê hy wil sy geloof in Christus plaas. Sy tumor was weg.

Die volgende keer wat Ali na die gemeenskap gekom het, het hy sy dokter saamgebring wat so geskok was oor Ali se genesing dat hy meer oor die God wat genees, wou weet. Tien dae later het Ali se dokter ook tot geloof gekom.

"Ons het 16 broers en susters in minder as twee maande by ons eensame kerk gekry," het die Frontlinie-Werker gesê. "Ons het die Bybel drie keer 'n week bestudeer. Ons het Islam met Christenskap vergelyk, vroeë gevra en antwoorde gegee

en die verskille tussen hierdie twee gelowe bespreek. Ons het oor die realiteit van Jesus Christus, ons enigste Here, gepraat. Ons was vol vreugde, veiligheid en geluk in die Here.”

Die dae van vreugde was egter van korte duur. Vroeg een oggend in Desember het amptenare van die Publieke Sekuriteitsburo die kerk ingeval en die stigters en ses van die Uyghur Christene weens onwettige samekoms, onwettige prediking en verspreiding van skadelike boeke, gearresteer. Die mans se vrouens en kinders wat onder verlies van ’n familielid en inkomste gely het, is deur hulle gemeenskappe gespot toe dit bekend word dat hulle gekies het om Islam te verlaat. SVM ondersteun die mans se families terwyl hulle in die tronk is.

“Ons bid elke dag dat hulle in staat sal wees om so spoedig moontlik met hulle familieleden te herenig,” het die Frontlinie-Werker gesê. “Ons glo die Here is met hulle en sal saam hulle stap deur die pynlike dae.”

[www.persecutionsa.org](http://www.persecutionsa.org)

**G**ao Shao Xiu het as kind met aanhoudende pyn saamgeleef. Dokters het haar met inflammasie van breininfeksie gediagnoseer (sy het later uitgevind dat dit lewerskade was) en het vir haar ouers gesê om nie te veel geld of onderrig op haar te spandeer nie, omdat sy nie lank sou lewe nie. Haar ouers, wat haar baie liefgehad het, het vir 10 jaar vir haar hulp gekry by een hospitaal na die ander.

Toe Gao 15 was, het ’n man haar ouers oorreed dat hy haar in drie maande kon genees en hy het kort daarna in die familie-huis ingetrek. Hy het egter een nag net verdwyn met die fondse wat Gao se ouers vir hom gegee het. Gao se hoop om vry te wees van pyn het weer weggekwyn en haar ouers het begin beplan vir haar begrafnis. “Ek het geduldig gewag om dood te gaan,” het sy gesê.

Gedurende hierdie staat van berusting het twee Christene wat van Gao se situasie gehoor het, meer as 30 myl gereis om haar en haar familie te besoek. Hulle het die Evangelie met die familie gedeel en vir hulle van ’n lewende God vertel wat in staat was om Gao te genees. “My pa was skepties na daardie kwaksalwer,” het Gao gesê, “maar hy het hulle in elk geval toegelaat om te bly.”

In plaas daarvan om vir geld te vra, het die Christene vir drie dae gebid. Vir die eerste keer in Gao se lewe was sy vry van pyn. “Dit

## Die Handgekopieerde Bybel



was toe dat my pa kies om in die Here te glo,” het sy gesê, “en hy het my openlik aan God toegewy.” ’n Kort wyle later het Gao ook haar geloof in Christus geplaas.

Gao en haar familie het begin om ’n onwettige huiskerk by te woon, maar Bybels was skaars en hulle het nog nooit eers ’n volle kopie daarvan gesien nie. Die huiskerk het net ’n paar hoofstukke van die Bybel gehad wat handgekopieer was en onder mekaar uitgeruil is.

Omdat Gao baie skool as kind gemis het, het sy besluit om haar onderrig te bevorder deur die kerk se paar Bybelhoofstukke met die hand te kopieer. Sy het ervaar dat sy al hoe gesonder geword hoe meer sy gekopieer het. Haar kerk het oor ’n tydperk meer Bybelgedeeltes benodig en uiteindelik ’n volledige Bybel gehad. Gao het die Bybel voortdurend noukeurig met die hand gekopieer, karakter vir karakter.

Toe Kommunistiese Voorsitter, Mao Zedong, die Kulturele Revolusie in 1966 geloods het, was Gao deel van die baie Chinese Christene wat weens haar geloof vervolgd is. Op een stadium is sy vasgebind en deur die strate gemarsjeer met ’n bord op haar bors wat “anti-regering” geles het. “Ek het nie my God versaak nie,” het sy gesê. “Ek het geweet hy is werklik, Hy is almagtig en danksy Hom was ek nie dood nie.”


Gao het deur die gruwels van die Kulturele Revolusie as 'n getroue Christen gelewe en vandag lei sy 'n landelike kerk.

Om die Bybel te kopieer het Gao in die waarhede van die Skrif gegrond. "Ek het waarheid, lewe self en duidelike leiding vir die pad wat ek moes stap, gevind," het sy gesê.

Gao, nou in haar 80's, gaan voort om as 'n prediker en kerkleier te dien. Sy lei ook studente regdeur China op. "Ons mense ontmoet elke dag in die kerk," het sy gesê. "Ek preek ongeveer vyf keer per week. Alhoewel ek baie verse gememoriseer het, is my gunsteling vers steeds Johannes 3:16. God se liefde is daarin bewys dat Hy my gekies het om Sy woordvoerder in China te wees."

Alhoewel Bybels nou makliker bekombaar is, kopieer Gao steeds Skrifgedeeltes met die hand. "Vandag is hierdie selfde boek die belangrikste bron in my lewe," het sy gesê. "Dankie vir diegene wat die woorde van lewe aan Christene hier in China voorsien."

Die Bybel was vir Gao beide 'n ontwykende skat en 'n konstante anker deur haar lewe. Sy het sedert die Kulturele Revolusie as 'n huiskerkleier gedien en lei voortdurend getrou 'n groep Gelowiges onder vandag se toenemende regeringsbeperkings.



## Die Kommunistiese Plan om die Bybel te Verander

Die Chinese Kommunistiese Party (CKP) het laat in 2019 planne bekend gemaak op die Bybel op te dateer om "tred te hou met die tye." Die hersienings sluit in om "kern sosialistiese waardes" by te voeg en gedeeltes wat nie kommunistiese oortuigings bevat nie, te verwyder. Die nuwe Bybel-weergawe sal ook met gedeeltes van Confuciaanse, Taoïstiese en klassieke Boeddhistiese aanhalings, verklaar word.

Alhoewel dit etlike jare sal neem om die nuwe Bybel-weergawe te voltooi, bevat 'n teksboek vir hoërskool studente, wat in September 2020 vrygestel is, 'n skrikaanjaende vooruitskouing. In 'n boek wat ontwerp is om wet en etika te leer, het die skrywers 'n gedeelte uit Johannes 8 ingesluit, soos in die nuwe Bybel-weergawe hersien is:

### Johannes 8:7-11, (Volgens die Chinese Kommuniste)

Jesus het op 'n keer vir die woedende skare wat 'n vrou wat gesondig het, probeer stenig het, gesê: "Laat hy wat onder julle sonder sonde is, 'n klip na haar gooi." Toe hulle sy woorde hoor, het hulle dadelik stil gaan staan. Toe almal weggegaan het, het Jesus self die vrou gestenig en gesê: "Ek is ook 'n sondaar."

### Johannes 8:7-11, AFR53

Maar toe hulle aanhou om Hom te vra, het Hy Hom opgerig en vir hulle gesê: "Laat dié een van julle wat sonder sonde is, die eerste 'n klip op haar gooi." En weer het Hy neergebuk en op die grond geskrywe. En toe hulle dit hoor, het hulle, deur hul gewete bestraft, een vir een weggegaan, van die oudste af tot die laaste toe; en Jesus het alleen agtergebly, en die vrou wat daar tussen hulle in gestaan het. En toe Jesus Hom oprig en niemand sien behalwe die vrou nie, sê Hy vir haar: "Vrou, waar is daardie beskuldigers van jou? Het niemand jou veroordeel nie?" En sy antwoord: "Niemand nie, Here." En Jesus sê vir haar: "Ek veroordeel jou ook nie. Gaan heen en sondig nie meer nie."

# Gebedsdagboek

Junie/Julie 2021

## JUNIE 2021

|                                        |                                                                                                              |
|----------------------------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <b>S 13 NIGERIË</b>                    | <b>Bid vir Gelowiges in die noordooste wat aanvalle deur Boko Haram oorleef het.</b>                         |
| M 14 LIBIË                             | Bid dat geheime Gelowiges gemeenskap met die Here en met ander Christene sal hê.                             |
| D 15 SENTRAAL-<br>AFRIKAANSE REPUBLIEK | Bid vir Christene wat graag wil terugkeer huis toe na aanvalle op hulle dorpe.                               |
| W 16 KOEWEIT                           | Bid vir die beskerming van plaaslike Gelowiges.                                                              |
| D 17 COMORE                            | Bid vir die vertaling van die Bybel in Comoraanse dialekte.                                                  |
| V 18 NEPAL                             | Bid vir die sukses van dissipelskapkonferensies vir die jeug.                                                |
| <b>S 19 SAOEDI-ARABIË</b>              | <b>Bid vir families wat asiel verlang nadat hulle gedwing is om uit hulle land te vlug.</b>                  |
| <b>S 20 COLOMBIË</b>                   | <b>Bid vir die beskerming van Christene teen guerrillagroep en dwelm- en wapenhandelaars.</b>                |
| M 21 EGIPT                             | Bid vir Gelowiges wat weens hulle geloof op vals aanklagtes tot die hof gedagvaar is.                        |
| D 22 LIBANON                           | Bid vir die voortdurende vertaling van Christelike lektuur wat regdeur die streek gebruik word.              |
| W 23 IRAN                              | Bid vir die opleiding en toerusting van huiskerkleiers in Iran.                                              |
| D 24 KIRGISIË                          | Bid dat Gelowiges standvastig sal bly in moeilike tye.                                                       |
| V 25 INDIA                             | Bid vir nuwe bekeerlinge wat vervolging trotseer.                                                            |
| <b>S 26 BHOETAN</b>                    | <b>Bid vir suksesvolle uitreikwerk en dissipelskap onder Bhoetanese vroue.</b>                               |
| <b>S 27 FILIPPYNE</b>                  | <b>Bid vir Bybelkollegestudente wat hulle naweke spandeer op evangelisering as deel van hulle opleiding.</b> |
| M 28 MEXICO                            | Bid vir pastors wat ontwortel is en nou die Evangelie in nuwe gemeenskappe deel.                             |
| D 29 ERITREA                           | Bid dat kerke en hulle leiers getrou, sterk en toegewyd sal bly om die Evangelie te deel.                    |
| W 30 SOEDAN                            | Bid dat vrede in die harte van Soedannese Christene sal heers gedurende onsekere tye.                        |

## JULIE 2021

|                      |                                                                                                                  |
|----------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| D 1 MALEISIË         | Bid vir die voortdurende instaatstelling van Christenwerkers om in Maleisië te kan bedien.                       |
| V 2 MIANMAR          | Bid vir God se beskerming oor Frontlinie-Werkers en hulle families.                                              |
| <b>S 3 MALEDIVE</b>  | <b>Bid vir kreatiewe benaderings tot bediening in hierdie moeilik bereikbare land.</b>                           |
| <b>S 4 TUNISIË</b>   | <b>Bid vir 'n ondergrondse kweekskool in Tunisië.</b>                                                            |
| M 5 ALGERIË          | Bid vir Christene wie se kerke deur die regering gesluit is.                                                     |
| D 6 JORDANIË         | Bid vir Broer "S" wat deur owerhede van sy land geteiken is, selfs nadat hy na Jordanië gevlug het.              |
| W 7 NOORD-KOREA      | Bid dat Noord-Koreaners wat oudio-Bybels ontvang het, in hulle geloof sal groei.                                 |
| D 8 KENIA            | Bid vir Christenbekeerlinge uit Islam wat voortdurende dreigemente en vervolging van familieleden trotseer.      |
| V 9 MALI             | Bid vir kerke in Mali namate hulle nuwe uitdagings van Islamitiese ideologie en aanvalle trotseer.               |
| <b>S 10 IRAK</b>     | <b>Bid vir die voortdurende groei van huiskerke in Koerdiese gebiede.</b>                                        |
| <b>S 11 KAMEROEN</b> | <b>Bid vir Christene in die noorde namate hulle hul huise en kerke wat deur Boko Haram vernietig is, herbou.</b> |
| M 12 ERITREA         | Bid vir meer Christelike hulpbronne in die Tigrinya-taal vir Eritrese jeug.                                      |
| D 13 FILIPPYNE       | Bid vir die skuldigbevinding, berou en redding van diegene wat teen die kerk gekant is.                          |
| W 14 SOMALIË         | Bid vir die veiligheid van Gelowiges wat vervolging van familie, bure, terroriste en die regering trotseer.      |
| D 15 MAROKKO         | Bid dat Bybels meer toeganklik deur die land sal word.                                                           |
| V 16 KATAR           | Bid dat Katarese op die Evangelie sal reageer namate dit deur internet- en uitsendinguitreike verkondig word.    |
| <b>S 17 BROENEI</b>  | <b>Bid dat meer leiers in die land die waarheid sal hoor en Jesus sal wil leer ken.</b>                          |

Teken in op ons GRATIS maandelikse Nuusbrief: Besoek [www.persecutionsa.org](http://www.persecutionsa.org)

### VIR DONASIES OF BYDRAES - Christelike Sending Internasionaal Bankbesonderhede:

#### Nedbank

Rek nr.: 1925-024946 (Tjek)

Takkode: 192505 (Bedfordview)

#### Standard Bank

Rek nr.: 02-249-5592 (Tjek)

Takkode: 018305 (Bedford Gardens)

#### ABSA Bank

Rek nr.: 909-861-7711 (Spaar)

Takkode: 632005 (Bedford Centre)

**Tjeks word nie meer deur enige van ons Banke hierbo aanvaar nie.**

CSI | Posbus 7157, Primrose Hill, 1417 Suid-Afrika | Tel: 011 873-2604/5 | Kantoor Sel: 076-022-3336 (8vm-2vm)  
Fax: 011-873-3859 | E-pos: [cmi@vomsa.org](mailto:cmi@vomsa.org) | Webtuiste: [www.persecutionsa.org](http://www.persecutionsa.org) | Facebook: [cmivomsa](https://www.facebook.com/cmivomsa) | Instagram: [cmi-vomsa](https://www.instagram.com/cmi-vomsa)

Uitvoerende Direkteur: Mnr Ashley Illman - Direkte Selnr: 083 457 4164

© Toestemming vir die herdruk van enige gedeelte van hierdie nuusbrief moet van Christelike Sending Internasionaal aangevra word.

[www.persecutionsa.org/donate](http://www.persecutionsa.org/donate)